

10 April

Skrifgedeelte: Handeling 28 (OAV)

Fokusgedeelte: Handeling 28:15

Geloofsbemoediging

Goeie Vrydag. Die Here Jesus sterf aan die kruis. Op Golgota skyn die oorwinning aan Rome te behoort. Maar 30 jaar later vier God sy stille oorwinning as Hy op die Via Appia die hart van Paulus versterk tot nuwe stryd. Broers uit Rome ontmoet Paulus by die Drie Herberge: "En toe Paulus hulle sien, het hy God gedank" (vs 15). Hulle oorhandig per hand Paulus se "beroepsbrief" – mense wat hulle nie skaam vir die evangelie nie.

God se weg is wonderlik en aanbiddelik: 'n weerlose gevangene kom in Rome, maar hy is gevaarlik vir die antigoddelike mag van die heidense wêreldryk as die leërs van die barbare. Hy bring die evangelie van Jesus Christus en dit sal Rome tot op sy fundamente skud. Daar is reeds 'n klein gemeente van die Here, maar hulle ontvang groot versterking deur die koms van Paulus.

Hier skitter die wysheid van God se Gees, die strategie van die hemel: tot in die hoofstad van die wêreld klink die boodskap van genade, die getuieis van Koning Jesus, wat die wêreld vir Hom opeis. Straks val die afgodsbeelde voor die kruis en moet die keisers hulle gewaande goddelikheid neerlê en Christus as Koning huldig. En vanuit Rome versprei die evangelie oor die hele Europa en die wêreld.

Moed skep skyn in ons lewe soms een van die moeilikste dinge te wees. Daar is soveel wat teen jou tel. Die vermoënis kan groot wees. Daarom moet medegelowiges mekaar ontmoet, mekaar bemoedig en opbeur – deur eredienste, Bybelstudie, voorbidding vir mekaar, gelowige samesyn. Die geheim van krag lê in ons verborge omgang met God wat deur Christus se offer op Goeie Vrydag bewerk is.

Sing: Psalm 84:3 (Totius)

Prof F Denkema (Emeritus)